**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 947/2006

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**HAROLD MOETI SEFALI** Beskuldigde 1
**LEHLOHONOLO JONAS CHRISJAAR** Beskuldigde 2

---

**CORAM:** CILLIé, R *et* VAN DER MERWE, R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 2 NOVEMBER 2006

---

[1] Die beskuldigdes is elkeen tereg skuldig bevind op ‘n aanklag van roof van ‘n selfoon ter waarde van R2 000,00. Hulle is vervolgens elk gevonnis tot 30 maande gevangenisstraf.

[2] Dit blyk uit die onweerspreekte getuienis van die klaagster, wat 15 jaar oud was, dat sy op die betrokke middag oppad was na haar ouerhuis toe sy gemerk het dat sy deur die beskuldigdes gevolg word. Beskuldigde 2, wat groter gebou is as beskuldigde 1, het die klaagster van agter gegryp en haar gepootjie sodat sy geval het. Beskuldigde 2 het die arms van die klaagster vasgedruk

waarop beskuldigde 1 in opdrag van beskuldigde 2 die selfoon uit die klaagster se broeksak geneem het. As gevolg van die moedige optrede van die klaagster om beskuldigde 1 te agtervolg, is hy deur lede van die publiek aangekeer. Die volgende dag is beskuldigde 2 in besit gevind van die selfoon. Die selfoon is in 'n werkende toestand teruggegee aan die klaagster. Die klaagster het geen beserings opgedoen nie.

[3] Die beskuldigdes was elkeen 18 jaar oud ten tye van die voorval. Elkeen het geen vorige veroordelings nie en was op daardie stadium skoolgaande in graad 10. In 'n gemotiveerde voorvonnisverslag ten aansien van elk van die beskuldigdes is aanbeveel dat aan elk 'n opgeskorte vonnis opgelê word. Alhoewel die beskuldigdes onskuldig gepleit het, het hulle nie die staatsgetuienis weerspreek nie en elk aan die proefbeampte erken dat hulle die misdaad gepleeg het. Dit blyk uit die gemelde verslag dat beide bevredigende huislike omstandighede het in die omstandighede, gereeld skool bywoon en daar bevredigend vorder.

[4] Dit is so dat roof 'n ernstige tipe misdryf is. Ek aanvaar ook dat dit 'n misdryf is wat toeneem in die landdros se jurisdiksie-gebied. Elke saak moet egter op sy eie meriete beoordeel word. In besonder moet by vonnisoplegging ten

aansien van skoolgaande jeugdiges klem gelê word op rehabilitasie. Die rehabilitasie van die onderhawige beskuldigdes sal waarskynlik deur direkte gevangenisstraf verongeluk word.

[5] In al die omstandighede van hierdie saak is die opgelegde vonnisse myns insiens nie ooreenkomstig die reg nie en moet dit vervang word met opgeskorte vonnisse. In die omstandighede moet die vonnis van beskuldigde 2, na my oordeel, swaarder wees dan die van beskuldigde 1.

[6] Gevolglik word die opgelegde vonnisse van elk van die beskuldigdes ter syde gestel en vervang met die volgende:

Beskuldigde 1: 12 (twaalf) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan roof gepleeg gedurende die opskortingstermyn nie.

Beskuldigde 2: 18 (agtien) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan roof gepleeg gedurende die opskortingstermyn nie.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**C. B. CILLIé, R**

/em